Know the Boerboel

Committed breeders and owners will vouch that there is no better dog than the Boerboel for companionship and protection. SABBA introduces the Boerboel in its Breed Standard guidelines as follows:

- Temperament and character: The Boerboel is manageable, reliable, obedient and intelligent with strong protective instincts. It is self-confident and fearless. Uncontrollably aggressive and fearful Boerboels are unacceptable.
- General appearance: The Boerboel is a large dog. It has prominent and well-developed musculature over the entire body with buoyant movement – an impressive and imposing figure of strength.

The Boerboel is easy-going, but thrives on lots of attention and love. It is adaptable and can live happily in a small environment, but must get regular exercise.

The Boerboel is generally very healthy, but - like many large dog breeds - it has been exposed to certain genetic or environmentally influenced conditions such as hip dysplasia, vaginal hyperplasia and eye conditions (all of which the Association is striving to eradicate, or at least minimise by encouraging well planned and executed breeding programmes and practices).

In giving a character reference about Boerboels, traits that come to mind are: they are sensitive towards their owner's moods (they cry and laugh with you); they sulk, tease, play, sleep (a lot!), are quite charming when not being lazy, and will defend you to the death, if needs be.

THE BOERBOEL –
MAN'S BEST FRIEND



Ken die Boerboel

Toegewyde telers en eienaars sweer dat daar vir kameraadskap en beskerming geen beter hond as die Boerboel is nie. Die SABT stel die Boerboel in hul Rasstandaardriglyne as volg bekend:

- Temperament en karaktereienskappe: Die Boerboel is hanteerbaar, betroubaar, gehoorsaam en intelligent met 'n sterk beskermingsdrang. Die Boerboel is selfversekerd en vreesloos. Onbeheerste aggressiewe en bang Boerboele is onaanvaarbaar.
- Algemene voorkoms: Die Boerboel is 'n groot hond. Die Boerboel het prominente en 'n goed ontwikkelde spierstelsel oor die hele liggaam met 'n veerkragtige beweging – 'n indrukwekkende en ontsaglike toonbeeld van krag.

Die Boerboel is nie veeleisend nie, maar floreer op baie aandag en liefde. Hy is aanpasbaar en kan gemaklik in 'n klein omgewing leef, mits hy gereeld oefening kry.

Die Boerboel is oor die algemeen baie gesond, maar – soos baie groot honderasse – was hy aan gene-tiese of omgewingsfaktore blootgestel wat toestande soos heupdisplasie, vaginale hiperplasie en oogsiektes tot gevolg mag hê. Die Vereniging beywer hom vir die uitwissing of ten minste minimalisering van hierdie probleme deur weldeurdagte teelprogramme en-praktyke aan te moedig.

Karakterverwysings vir die Boerboel roep spontaan die volgende eienskappe op: hulle is sensitief vir hulle eienaar se gemoedstoestand (hulle lag en huil saam met jou); hulle raak dikmond, terg speel, slaap (baie!), kan erg sjarmant wees wanneer hulle nie te lui is nie en sal jou tot die dood beskerm, indien nodig.

DIE BOERBOEL –
DIE MENS SE BESTE VRIEND